# INFORMASIETEGNOLOGIE

## INFORMATION TECHNOLOGY

---

## `N SPLINTERNUWE VOORKOMS

*Om in te lyn wees met die Universiteit se eeufeesvieringe en ook as ? poging om ons kommunikasie te standaardiseer vir konsekwentheid en veiligheidsredes, het ons, in samewerking met Korporatiewe Kommunikasie, alle elektroniese kommunikasie wat deur Informasietegnologie versend word, herontwerp. Dit sluit Bits & Bytes, ons nuusbrief, kubersekuriteitsboodskappe, sowel as kennisgewings soos wagwoord veranderinge, internetrekeningstate, ens. in.*

*Met die nuwe voorkoms hoop ons dit sal vir ons personeel en studente makliker wees om amptelike IT-kommunikasie uit te ken en slegs te reageer op hierdie uniek-ontwerpte boodskappe.*

*Informasietegnologie sal nooit vir jou ? e-pos stuur om jou rekening te verifieer en dreig om jou rekening te sluit nie. Onthou egter om altyd eerder versigtig te wees en uit te kyk vir sekere phishing-eienskappe. As jy ooit twyfel oor die geldigheid van ? e-pos, kontak ons eerder direk by helpinfo@sun.ac.za of x4367.*

*Hier is die ontwerpe om voor uit te kyk.(aflaaibare PDF-dokument)*

*? Spesiale dankie aan Korporatiewe Kommunikasie en Nicolas wat ons met die ontwerpe gehelp het.*

*Posted in:Kommunikasie | | With 0 comments*